View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE REGSETIESE IMPLIKASIES VAN BUITE-EGTELIKHEID

W. du Plessis

Departement Romeinse Reg, PU vir CHO.

## ABSTRACT

In this article the author deals with the ethico-judiciary aspects of illegitimacy. Because of the stigma clinging to the illegitimate child, certain constraints have been imposed from the side of the authorities as well. These are then examined. Following a definition of the concept, the results of illegitimacy are considered in terms of the status of the child, its maintenance, inheritance, as well as certain non-juridical factors such as social, biological, religious and ethical factors. The important question of attitudes towards illegitimacy is then considered, with reference to changed attitudes in certain overseas countries, such as America, the Scandinavian countries, Britain, Italy, the Netherlands, and finally South Africa. It emerges then that a more sympathetic attitude towards both the child and the mother is evolving, in South Africa too. The changed attitudes of the community, however, do not suspend the constraints imposed upon the child by the law. The author feels, however, that as a result of the state's involvement with the problem of illegitimacy, the problem has shifted from the ethical to the field of the state, and the state now has to act to redress the balance. The author is of the opinion, further, that legislation should be developed to eliminate the legal constraints - if a sanction needs to be imposed, it should be imposed on the parents and not on the child. It is therefore noted with satisfaction that the Law Commission has proposed a Draft Bill in this regard to remove the legal constraints upon the illegitimate child.

Buite-egtelikheid kom wêreldwyd voor. Van die vroegste tye af is dit een van die probleme waarmee die samelewing sit. As gevolg van die stigma wat aan die buite-egtelike kind kleef, het dit daartoe gelei dat bepaalde beperkinge die kind ook van owerheidsweë af opgelê is.

Die vraag is of die gemeenskapsgevoel sodanig verander het dat die beperkings wat van owerheidsweë af opgelê word, nog nodig is. In verskeie oorsese lande, byvoorbeeld Engeland, is daar reeds Kommissies aangestel om die aangeleentheid te ondersoek. In Suid-Afrika is die Suid-Afrikaanse Regskommissie ook besig met so 'n ondersoek.

## 1 WAT IS BUITE-EGTELIKHEID?

Buite-egtelikheid as sodanig word nie omskryf nie. Om dit te verduidelik word daar meestal na die teenkant, binne-egtelikheid, gekyk.

'n Kind is in die oë van die reg binne-egtelik as hy in een van die volgende kategorieë val (Van der Vyver en Joubert, 1980: 179):

- as die ouers van die kind tydens konsepsie of in die tydperk vanaf konsepsie tot geboorte met mekaar getroud is of was;

- wanneer die huwelik van die ouers putatief vermeend was en die hooggeregshof die kinders binne egtelik verklaar het;

- wanneer die ouers na geboorte van die kind in die huwelik tree, geld die spreuk *legitimatio per matrimonium subsequens*;[1]

- as die kind aangeneem word.

Kinders wat nie in een van bogenoemde kategorieë val nie, is buite-egtelik. Van der Vyver en Joubert (1980:179) sluit die volgende kategorieë as buite-egtelike kinders in

1. speelkinders (*spurii*), dit wil sê kinders wie se ouers tydens verwekking nie getroud was nie, maar wel met mekaar kon getrou het;

[1] Wettiging deur die daaropvolgende huwelik van die twee verwekkende ouers.

2. oorspelige kinders (adulterini), dit wil sê kinders van wie een of albei die ouers tydens verwekking getroud was, maar nie met mekaar nie;

3. bloedskandige kinders (incestuosi), die ouers kan weens bloedverwantskap nie met mekaar trou nie;

4. 'n verdere groep kan ook bygevoeg word en dit is kinders wat deur kunsmatige inseminasie verwek is en waar die skenker nie die vader of moeder van die kind is nie.

2 DIE GEVOLGE VAN BUITE-EGTELIKHEID

Die regsgevolge wat die buite-egtelike kind tref, kan kortliks soos volg opgesom word: Boberg (1977:322-323) is van mening dat onwettigheid of buite-egtelikheid geen algemene invloed op die status van so 'n kind in die algemeen het nie, maar dat dit wel 'n invloed op bepaalde regte en pligte teenoor so 'n kind en sy familielede het.

2.1 Die status van die kind

Die spreuk van die Romeins Hollandse reg geld, naamlik dat " een moeder maakt geen bastard". Wat die ma betref is so 'n kind dan nie onwettig nie. Die posisie is egter anders gesteld ten opsigte van sy verhouding teenoor sy natuurlike vader en derde partye wat hulle aanbetref, word hy as buite-egtelik beskou.

2.2 Die onderhoud van die kind

'n Kind kan slegs onderhoud van sy natuurlike ouer kry as daar bewys is dat hy wel sodanige ouer is. In *Lamb v Sack* (1974 2 SA 670 (T)) het die hof beslis dat die pa sowel as die ma in die geval van 'n buite-egtelike kind onderhoudspligtig is.

2.3 Naam, domisilie, voogdy en toegang

Die kind verkry die ma se van en volg ook haar domisilie. Sy het ook beheer en toesig oor die kind en is sy wettige voog. In *Davids v Davids*

(1914 WLR 142) het die hof beslis dat die natuurlike ouer van die kind wel redelike toegang tot die kind mag hê.

2.4 Erfregtelike posisie

Die kind kan intestaat van die moeder en haar familielede erf maar nie van sy natuurlike vader en die se familie nie. Hulle kan ook nie intestaat van hom erf nie (Van der Merwe en Rowland, 1977:99).

3 PROBLEME WAT UIT BUITE-EGTELIKHEID VOORTVLOEI

3.1 Nie-juridiese faktore

a. Sosiale faktore

Die gemeenskap kan nie ontken dat daar buite-egtelike kinders bestaan nie. Hulle bestaan kan nie bloot weggeredeneer word nie. Die gemeenskap het al hoe meer te make met enkelouers en kinders wat dan alleen moet tuisbly en in ander omstandighede as ander kinders moet grootword.

b. Biologiese faktore

Dit kom ter sprake by kinders wat deur kunsmatige inseminasie verwek word. Die wetenskap het vooruitgegaan maar nog nie die gemeenskapsgevoel nie.

c. Godsdienstige faktore

Die Kerk in die algemeen keur buite-egtelike verhoudings en dit wat daarmee saamgaan ten sterkste af.

d. Etiese faktore

Die gemeenskapshouding teenoor sulke kinders moet bepaal word. Die stigma wat aan buite-egtelike kinders kleef, bestaan nog in 'n mindere of meerdere mate.

3.2 Daar bestaan ook nog verdere bykomende probleme

- As gevolg van die regsbeperkinge, moet die kind as gevolg van die ouers se optrede ly.

- Die posisie van die kind wat deur kunsmatige inseminasie verwek is, is nog nie uitgeklaar nie.

- Die vraag bestaan of dit die ouers se belange of die van die kind is, wat deur die beperkings wat uit buite-egtelikheid voortvloei, gedien word.

- Die norme van geregtigheid en billikheid kom hier ter sprake.

- Die vraag kan ook gestel word of die reg hom enigsins met die vraag moet bemoei.

4 STIGMA AAN BUITE-EGTELIKHEID

4.1 Agtergrond

Die houding van vroeër, en wat sommige persone vandag nog het, kan saamgevat word in die woorde van Davis:

> "The bastard, like the prostitute, thief and beggar, belongs to that motley crowd of disreputable types which society has generally resented, always endured. He is a living symbol of social irregularity and undeniable evidence of contramoral forces; in short a problem - a problem as old and unsolved as human existence itself."

(Krause, 1971:215)

Vroeër het bloedbande persoonlike en wettige regte bepaal. Wettigheid het ontwikkel om permanente verhoudinge te skep. Daarom was familiebande van belang gewees.

Van die vroegste tye af was daar reeds 'n stigma aan die buite-egtelike kind. In Deutronomium 23:2 staan daar dat geen kind gebore uit 'n

buite-egtelike verhouding in die huis van die Here mag kom nie tot in die tiende geslag.

In die tyd van Konstatyn die Grote het hy alle regte wat onwettige kinders teen hulle moeder gehad het, beperk. Die kind se status is bepaal na gelang van die skuld wat daar aan die ouers se optrede gekleef het (Krause, 1971:3). In die Middeleeue het die kind geen regsband met sy ouers gehad nie. Verdere beperkinge, soos onder andere dat hy nie getuie in 'n hof mag wees nie en dat hy nie begrawe mag word nie, het dan ook aan hom gekleef (Krause, 1971:3).

Die Dertiende eeuse *Sachsenspiegel Landrecht* (Boek 1 artikel xxxviii) het die kind in dieselfde lig as rowers, bakleiers, diewe en toneelspelers beskou. Hy was gevolglik 'n *fillius nullius*[2]. Gevolglik kon hy dan ook nie geërf het nie.

Mettertyd het die houding teenoor die kind verander. In die Romeins-Hollandse reg geld die reël "een moeder maakt geen bastard"(Voet 38 17 21) en word die kind gevolglik *vis-a-vis* sy moeder geensins benadeel nie.

Die vraag is hoe die houding dan nou tot vandag verander het?

4.2 Veranderde houding in oorsese lande

a. Amerika

Die Amerikaners het reeds in 1968 sekere wetgewing wat teen kinders wat buite-egtelik gebore is, ongeldig laat verklaar omdat dit in stryd is met die veertiende amendement van hulle Konstitusie. Almal word daarvolgens as gelyk beskou en daar mag nie op grond van afkoms gediskrimineer word nie (Levy v

[2] 'n niksbeduidende persoon

Louisiana 391 US 73; Glona v American Guarantee and Liability Ins. Co. 391 US 73).

Alhoewel die houding al verander het, het die posisie van die buite-egtelike kind nog nie verander nie. In sekere state, soos byvoorbeeld Missouri, hoef die pa van die kind hom nie eers te onderhou nie. Kinders kan ook nie intestaat van hulle natuurlike vaders of die se familie erf nie. Die kind behou die ma se naam en hy het geen eis as afhanklike as die vader deur iemand anders se nalatige optrede gedood word nie.

Krause (1971:173) het 2031 persoonlike onderhoude met persone in Illinois, wat hy uit verskillende lae van die bevolking gekies het, gevoer. 78% van die mense wou onwettige kinders gelykstel met wettige kinders. 86% het gevoel dat die owerheid moet ingryp om die kinders se belange te beskerm en 96% het geantwoord dat die reg nie 'n kind moet benadeel bloot op grond van sy geboorte of afkoms nie.

b. Skandinawiese lande

Die Noorweegse lande het al in 1915 die ongelyke verhouding tussen binne-egtelike en buite-egtelike kinders opgehef. In 1960 het die Dene alle beperkinge opgehef.

c. Brittanje

Ook in Brittanje het die houding teenoor die buite-egtelike kind verander. Brenda Hagget (1977:129) is van mening dat alhoewel daar 'n verskil tussen wettige en onwettige kinders bestaan dit nie noodwendig meebring dat daar teen die onwettige kind gediskrimineer word nie. Sy meld dat daar in Brittanje reeds 'n simpatieke houding teenoor buite-egtelike kinders bestaan.

Parry (1981:5) meld dat daar sedert 1945 ongeveer 'n halfmiljoen geboortes as buite-egtelik geregistreer is. In Engeland en Wallis is die persentasie kinders wat per jaar buite-egtelik gebore word, ongeveer 10%. Hy verwys na 'n ondersoek waarmee die Engelse

Regskommissie belas was en wat onder andere betrekking gehad het op buite-egtelikheid. Die hoofaanbeveling was dat die kinders op gelyke voet met binne-egtelike kinders geplaas moet word.

Die verslag waarna hy verwys is in 1981 uitgebring. Dit blyk ook uit die verslag dat kinders wat deur kunsmatige inseminasie verwek is, binne-egtelik verklaar moet word.

Kinders kan in Brittanje wel intestaat van hulle natuurlike vaders erf. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle konings baie maal buite-egtelik was en dan die troonopvolging moes erf.

d. Italië

Buite-egtelike kinders in Italië het geen status gehad nie, tensy een of albei van sy natuurlike ouers hom as kind erken het. As gevolg van die stigma wat aan so 'n kind gekleef het, het weinig ouers die kinders erken. Die kind kon wel 'n aksie vir onderhoud teen sy ouers instel, maar moes self die koste van so 'n aksie dra. As gevolg van die sosiale veroordeling het dit die Italianers min geskeel watter nadele so 'n kind kan tref. Selfs al het die ouers die kind erken, het die reg geen beskerming verleen nie. Artikel 30 van die Italiaanse Konstitusie van April 1942 het 'n verandering meegebring. Dit lyk asof buite-egtelike en binne-egtelike kinders dieselfde beskerming ten aansien van die reg geniet. Buite-egtelike kinders se posisie was egter steeds minderwaardig. Eers in die sewentigerjare is wette wat teen die buite-egtelike kind diskrimineer, onwettig verklaar (Mayello, 1976:503).

Dit blyk dan dat ook hier waar daar eers groot sosiale veroordeling teen die buite-egtelike kind was, die posisie en ingesteldheid van die mense verander het.

e. Nederland

Ook hier het die houding teen buite-egtelike kinders verander. Minkenhoff (1978:29) meen dat buite-egtelikheid aan die hand van twee temas wat saamloop, beskou moet word, naamlik die "hoogheid" en "heiligheid" van die huwelik en tweedens die vraag of die kind dan moet ly as gevolg van die ouers se optrede. Vroeër het die afkeer van owerspel en bloedskande enige medelye wat daar vir so 'n kind kon bestaan, oorheers. Hy bepleit dat die kind se posisie moet verander omdat die gemeenskap se gevoel verander het. Veral die kind se erfregtelike posisie moet reggestel word, sodat die kind van sowel sy vader as die se familie kan erf (Minkenhoff,1978:37).

f. Suid-Afrika

Daar word daagliks in Suid-Afrika kinders buite die eg gebore. Volgens 'n werkstuk van die Regskommissie (1984:33) was byvoorbeeld 32 887 uit 'n totaal van 66 824 Kleurlingkinders wat in 1978 gebore is, ongeveer 49% buite-egtelik. Uit die 73 216 Blanke geboortes van dieselfde jaar was 3 267 kinders, ongeveer 4%, buite-egtelik. Die bestaan van buite-egtelike kinders kan dus nie geïgnoreer word nie.

Dit blyk uit tydskrifte en koerantberigte dat daar reeds 'n meer simpatieke houding teenoor buite-egtelike kinders bestaan. Die vraag kan gestel word of dit die ouer of die kind is wat met simpatie bejeën word. Dit blyk dan ook uit populêre tydskrifte, soos byvoorbeeld Die Huisgenoot (Anon, 1983:266). So word daar 'n artikel aangetref met die titel "Ongehude moeder en trots daarop". Buite-egtelikheid word as as iets besonders beskryf en die feit dat die ma's die kinders behou as iets om op trots te wees. Tehuise loop leeg en ondersoeke wat deur Famsa-huweliksvereniging gedoen is in 1983 dui daarop dat al hoe meer ongehude ma's hulle kinders self grootmaak.

Uit 'n artikel in Beeld (Kruger, 1985:9) blyk dit dat ook teoloë 'n meer simpatieke houding jeens die kind openbaar. Daaruit kan dan afgelei word dat die gemeenskapsgevoel ook verander het.

Die Regskommissie (1984:38) is dan ook van mening dat billikheid en regverdigheid dit vereis dat die kind nie benadeel moet word weens sy ouers se misstappe nie, omdat daar vandag nie meer rasionele rede bestaan vir diskriminasie teen die buite-egtelike kind nie.

Die kind kan nie aandadig gehou word vir sy ouers se misstappe nie. Die veranderde houding van die gemeenskap hef egter nie die beperkinge wat deur die reg opgelê is, op nie.

5 KUNSMATIGE INSEMINASIE EN BUITE-EGTELIKHEID

In 1979 is daar in 'n saak V v R (1979 3 SA 1006 (T)) beslis dat 'n kind wat deur kunsmatige inseminasie verwek is buite-egtelik is. Die regter maak die beslissing na aanleiding van die gemenereg en met verwysing na Sewentiende eeuse skrywers.

Strauss (1980:63) meen dat die regter hom laat lei het deur die tradisionele beskouinge, die gemeenskap se houding en die godsdienstige oortuiging van 'n meerderheid van die moderne juriste. Hy vra egter dat die wetgewer moet ingryp om die kind se posisie te verbeter, aangesien die hofsaak nie die posisie van óf die ouer óf die kind verbeter het nie

Die Regskommissie (1984:117) beveel aan dat daar wetgewing aanvaar word waarin die kind wat deur middel van kunsmatige inseminasie verwek is, as binne-egtelik verklaar sal word.

Die houding van die Regskommissie is verblydend aangesien die verandering nie slegs van regsweë af bepleit word nie, maar ook deur medici en ander verwante beroepe(Hann, 1982:49, 159; Snowden en Mitchell, 1981:19)

6 REGSBEMOEIING OF NIE?

Die reg het hom reeds met die situasie bemoei. As gevolg van die stigma is talle beperkings op die kind geplaas.

Die sosiale, etiese en godsdienstige aspekte is reeds hierbo uiteengesit. Daaruit blyk dit dat dit hoofsaaklik 'n etiese en sosiale vraagstuk is. Dit handel oor 'n samelewing van persone wat nie getroud is nie en wat dan kinders buite die eg verwek.

Dit blyk dat saamwoon nie meer eties so onaanvaarbaar is soos vroeër nie. Dit kan afgelei word uit die veranderde houding teenoor die kinders. Godsdienstig beoordeel, is saamleef steeds afkeurenswaardig. Die vraag is egter of die kind dan nou gestraf moet word vir die sondes van sy ouers tot in die derde en die vierde geslag en dat onsself dit aan hom moet besoek? Hy het immers nie gevra om buite-egtelik gebore te word nie.

7 DIE REGSETIESE IMPLIKASIES

Du Plessis (1978:803) stel dit dat die wesensaard van die etiese 'n vrywillige verantwoordelikheidstelling is, wat gesindheid, betroubaarheid en normagtigheid in ag neem. As dit verbreek word, is die betrokkenes se geskonde relasies in gedrang en moet dit herstel word. Die etiese en die juridiese kan nie geskei word nie.

Die staat kan die terrein van die etiese betree as die ampsbelange van alle mense in sy grondgebied beskerm en bestendig moet word. Die reg kan die skade herstel, maar kan nie die mens se gesindheid reël nie (Du Plessis, 1978:804). So sal die reg byvoorbeeld nie mense kan dwing om te trou of kinders binne die eg te hê nie. Hoewel 'n buite-egtelike verhouding eties onaanvaarbaar is, het dit nie gevolge vir die samelewing as sodanig nie. Waar daar kinders uit so 'n verhouding gebore word, kan dit gevolge vir die samelewing hê.

Volgens Van der Vyver en Van Zyl (1982:135) geld geen regsreël sonder meer nie, maar die reg moet daaraan gelding gee. Die reg hoef nie aan 'n minimum etiese standaard te voldoen nie. Die reg moet egter die grense van die etiese eerbiedig (Du Plessis, 1978:809-810). Slegs wanneer die staat in gedrang kom, kan die staat daarvan kennis neem en byvoorbeeld onsedelikheid of owerspel, waar die belange van derdes aangetas word, met regsgevolge tref (Van der Vyver en Van Zyl,

1982:135). Die etiese veroordeling berus in dié geval nie op die ouers nie, maar op die kind.

Daar bestaan nie 'n vaste, onveranderlike etiese norm nie - die gemeenskap stel dit vas en is ook verantwoordelik vir die afdwinging daarvan. Dat die gemeenskap 'n bepaalde gevoel het, maak dit nie noodwendig goed nie (Van der Vyver en Van Zyl, 1982:140).

Omdat die gemeenskap 'n afkeer van die buite-egtelike kinders gehad het, regverdig dit nie hulle optrede om van regsweë buite- en binne-egtelike kinders anders te behandel nie. Die veranderde omstandighede moet ook in ag geneem word. Die reg moet die balans handhaaf tussen dit wat gesê en gedoen word anders is die resultaat wat die reg beoog het, gedoem.

As gevolg van die staat se bemoeiing het die probleem van buite-egtelikheid van die etiese na die staat se terrein verskuif en moet die staat nou optree om die ongelykheid te herstel.

8 JURIDIESE OORDEEL

Die buite-egtelike kind en al die beperkinge wat hom opgelê word, bestaan en die feit dat so 'n kind sy lewe met 'n agterstand begin, kan nie geïgnoreer word nie. Daarom moet die reg alle beperkinge wat op die buite-egtelike kind gelê is, ophef. Wetgewing behoort aanvaar te word om al die beperkinge uit die weg te ruim.

As 'n sanksie iemand moes tref as gevolg van die afkeurenswaardige verhouding tussen man en vrou, dan behoort dit die ouers opgele te word, byvoorbeeld dat die ouer nie intestaat van die kind kan erf nie. So 'n beperking kan nie van regsweë af opgelê word nie, omdat die reg dan weer as instrument gebruik word om 'n etiese en sosiale waardeoordele af te dwing en dit nie 'n doel van die reg is nie. Die negatiewe beperkinge moet opgehef word en daar moet positief opgetree word. Volgens Du Plessis (1978:809 810) is die amp van die mens die staanplek van die volledige mens wat volgens sy Godgegewe volmag op die wet van God moet antwoord. Dit is al wyse waarop die mens dan in die konkrete situasie daaraan kan voldoen. Daarom is dit verblydend

dat die Regskommissie (1984:116-125) 'n konsepwetsontwerp in dié verband opgestel het, waarin gepoog is om al die beperkinge wat daar op die buite-egtelike kind gelê is, op te hef.

OPSOMMING

Die bestaan van buite-egtelikheid en die probleme wat daarmee saamhang kan nie geïgnoreer word nie. As gevolg van die stigma wat aan buite-egtelikheid gekleef het, is daar vanaf die vroegste tye vanaf owerheidsweë beperkings op die kind se regsposisie geplaas. Dit het onder andere sy status, sy erfregtelike posisie en sy domisilie beïnvloed. Die vraag word gestel of die reg hom enigsins met die probleem wat hoofsaaklik 'n etiese en maatskaplike vraagstuk is, moet bemoei.

Die wesensaard van die etiese is 'n vrywillige verantwoordelikheidstelling wat gesindheid, betroubaarheid en normagtigheid in ag neem. Die staat kan die terrein van die etiese betree as die belange van al die mense in die bepaalde grondgebied van die staat geraak word. Die reg kan die skade herstel maar kan die gesindheid van die mense nie verander nie. Die reg het hom reeds met die aangeleentheid bemoei en moet daarvan kennis neem. Die houding van die gemeenskap het sodanig verander dat daar nie meer so 'n sterk stigma aan die buite-egtelike kind kleef nie. Daarom moet die reg ingryp en die posisie van die buite-egtelike kind met die van die binne-egtelike kind gelykstel.

BIBLIOGRAFIE

ANON. 1983. Ongehude moeder en trots daarop. Die Huisgenoot. 299: 264-266. (1983-10-27).

BOBERG, P. 1977. The law of persons and the family. Kaapstad : Juta.

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. (Doktorale proefskrif. PU vir CHO.)

HAGGETT, B. 1977. Parents and children. Social work and the law. London : Sweet and Maxwell.

HANN, J. 1982. The perfect baby. London : Weidenfeld and Nicolson.

KRAUSE, D.H. 1971. Illegitimacy, law and social policy. Indianopolis : The Bob's Merril Company.

KRüGER, R. 1985. Kind buite die eg sonder keuse in 'n situasie gedwing. Beeld (1985-01-30):9.

MAYELLO, U. 1976. The rights of children born outside marriage and the principle of equality in law. (In Bates, F. The child and the law. Vol 2. New York : Oceana Publication.)

MINKENHOFF, A.A.L. 1978. Het kind, geboren uit een buiten-huwelijkse relatie. (In Samen-leven. Inleydingen tot een verslag van het Landelelijke Congress over de niet-huwelijkse relatie, Maart 1978, gehouden te Leiden. Deventer : Kluwer.)

PARRY, M.L. 1981. Cohabitation. Social work and the law. London : Sweet and Maxwell.

SNOWDEN, R. and MITCHELL, G.D. The artificial family. Boston : George Allen and Unwin.

STRAUSS, S.A. 1980. Genetic manipulation: The legal liability of the practitioner. (In Genetics and society. Capetown : Oxford University Press.)

SUID AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE. Ondersoek na buite-egtelikheid. Werkstuk 7.

VAN DER MERWE, N.J. EN ROWLAND, C.J. 1977. Die Suid-Afrikaanse erfreg. Pretoria : Van der Walt. 3 de uitg.

VAN DER VYVER, J.D. 1980. The legal status of the homo novus. (In Oosthuizen, C.G. e.a. Genetics and society. Kaapstad : Oxford University Press.)

VAN DER VYVER, J.D. en JOUBERT, D.J. 1980. Persone en Familiereg. Kaapstad : Juta.

VAN DER VYVER, J.D. en VAN ZYL, F.J. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban : Butterworth.